

LAERSKOOLO LORRAINE

-Die skool wat omgee.

Geagte Ouers / Voogde

Ons verwelkom graag almal in die nuwe akademiese jaar. Voorspoed en seëninge word elke leerling, ouer en leerkrag toegebied vir die jaar 2015. Mag hierdie jaar gevul wees met baie suksesse en dat ons as 'n familie elke dag van krag tot krag gaan.

'n Spesiale woord van welkom aan alle nuwe leerlinge en ouers by Laerskool Lorraine. Ons glo en vertrou dat ons skool aan u verwagtinge sal voldoen.

Ons sien baie uit na 'n opwindende jaar wat voorlê en vertrou dat u kind 'n aangename en gelukkige jaar by ons skool sal beleef. Mag hierdie jaar 'n jaar van uitstekende samewerking en ouerbetrokkenheid wees.

'n Besige tyd met vele aktiwiteite en uitdagings lê vir ons voor, maar ons daaglikse strewe na uitnemendheid dien as motivering om ons roeping na te kom. Elke leerling, leerkrag en ouer sal baie nou moet saamwerk om van elke geleentheid 'n sukses te maak. Baie dankie by voorbaat daarvoor.

Hiermee wil ons graag die volgende sake onder u aandag bring:

1. Inligtingsbriewe

Inligtingsbriewe is sekerlik die belangrikste kommunikasie-middel tussen die skool en die ouers. Maak asseblief seker dat u alle omsendskrywes behoorlik bestudeer sodat u presies weet wat by die skool aangaan. As kontrolemiddel moet u asb. die afskeurstrokies volledig voltooi en terugstuur skool toe.

2. Verpligte skoolgeld vir 2015.

Laerskool Lorraine is 'n Seksie 21-skool. Volgens die S.A. Skolewet word verpligte skoolgeld gehef, soos aanbeveel deur die Beheerliggaam en goedgekeur deur die ouers.

Die skoolfonds per leerling per jaar (Gr. 1 – 7) is R8030 en Gr. R is R8250.

ALLE GELDE MOET ASB. IN 'N DUIDELIK GEMERKTE KOEVERT SKOOL TOE GESTUUR WORD.

3. Skooltye

Maandae – Donderdae Gr. R – 2: 08:00 – 13:00 Gr. 3 – 7: 08:00 – 14:00
Vrydae Gr. R – 7: 08:00 – 12:50

Neem asb kennis: Geen parkering of stilhou word toegelaat:

Op die voetoorgang voor die skool

Voor die hoofhek by die swembad

Voor die hoofingang of motorhuise by die Pavilion

Voetgangers moet die klein hekke voor die skool gebruik en nie die motorhek nie.

Die hoofhek is slegs vir motors.

Leerlinge moet ook asb. baie versigtig wees wanneer personeel met hul voertuie inry.

Hulle moet wag totdat 'n personeellid uit die voertuig klim voordat hul nader gaan om te help.

Leerlinge mag slegs die skool voordeur gebruik wanneer hulle u na die kantoor vergesel.

Moet ook nie teen die voertuie leun of artikels bo-op die voertuie plaas terwyl u wag nie.

Geen leerling mag tussen die personeel se motors speel nie.

4. Afsprake met die skoolhoof en onderwysers

As skoolhoof glo ek dat daar altyd 'n gebalanseerde en gesonde skakeling tussen die skool en ouers/voogde moet wees. Om sake vlot te laat verloop hou asb. by die volgende reëlings:

- U moet eers met u kind se klasonderwyser/es kontak maak. Indien u nie tevrede is met die uitkoms van die gesprek nie, dan...
- Moet u met die Graad-of Departementshoof in die betrokke fase skakel. Indien u nie tevrede is met die uitkoms van die gesprek nie, dan...
- Kan u kontak maak met die skoolhoof deur vooraf 'n afspraak te maak.

OUERS KAN NIE NET BY 'N ONDERWYSER SE KLAS SONDER 'N AFSPRAAK OPDAAG NIE. ONS KAN NIE TOELAAT DAT ONDERWYS DAARDEUR ONDERBREEK WORD NIE. GEEN KOSBLIKKE, BOEKE, TAKE, ENS. MAG SELF NA DIE KLASSE GENEEM WORD NIE. DIT MOET BY DIE SEKRETARESSSES INGEHANDIG WORD.

5. Akademie

Moedig asb. u kind aan om sy/haar beste vir dié kwartaal te lewer. Harde werk sal sukses bring. Leerders ontvang hul rapporte op die laaste dag van die kwartaal en moet dus teenwoordig wees.

6. Skryfbehoeftes

U as ouer moet asseblief toesien dat u kind die nodige skryfbehoeftes bekom om hul werk in die klas te kan doen.

7. Laatkommers, afwesighede en leerlinge wat die skool vroeër verlaat

Daar is nog leerlinge wat elke oggend laat by die skool opdaag en dit het 'n negatiewe uitwerking op die leerling se prestasies, asook op die klas.

Ons vra vriendelik dat u, as 'n verantwoordelike ouer, sal toesien dat u kind betyds by die skool opdaag.

Indien 'n leerling afwesig was, moet 'n brief met die terugkeer dit bevestig.

Verlof deur die skoolhoof moet verkry word indien 'n leerling die skool vroeër moet verlaat.

Meld asseblief by die kantoor aan wanneer u u kind kom haal.

8. Oortreding van skoolgronde

ONS VRA VRIENDELIK DAT GEEN LEERLINGE OF OUERS NA SPORTOEFENINGE OF GEDURENDE NAWEKE DIE SKOOLTERREIN SAL BETREE NIE. DAAR IS SEKERE AREAS WAT DEUR ALARMSENSORS BEVEILIG WORD EN ONGEOORLOOFDE GEBUIK VAN ONS TERREIN VEROORSAAK MENIGVULDIGE EN ONNODIGE VALS ALARMBODSKAPPE. GEEN LEERLING WORD NA SKOOL OP ONS TERREIN TOEGELAAT NIE, TENSY HY/SY AAN 'n SPORTAKTIWITEIT DEELNEEM OF BY DIE NASORG IS.

9. Kleredrag

Baie leerlinge dra nie die korrekte skooldrag en tasse soos dit in ons Prospektus vervat is nie.

Sportdrag word gedra op die dae wanneer hulle liggaamlike opvoeding het: Lorraine gholfhemp, wit kortbroek, wit kouse en tekkies – oorwegend wit.

Skoolbaadjies hoef nie gedurende hierdie kwartaal na saalbyeenkomste gedra te word nie. Dit sal vanaf die tweede kwartaal weer verpligtend wees.

Gholfhempies: Beskikbaar by die kantoor op Dinsdae en Donderdae vanaf 7:30 tot 8:00 teen R150.

Haarbande en rekkies: Beskikbaar by die kantoor op Dinsdae en Donderdae vanaf 7:30 tot 8:00 teen R12 elk.

Die ruilwinkel se tye is as volg:

Maandae : 14:00 – 14:30 en Donderdae: 07:30 – 08:00

10. Nuwe personeel-baie welkom!

- Mnr. Jared Wright (Gr 7) in die plek van mev. Fourie wat op kraamverlof is en me. Kirsty Müller (Graad 3)
- Simoné Stander en Riano Rademeyer, ons twee internskappe.

11. Projekte vir die jaar

Elke maand sal 'n ander projek aangepak word en u, as ouers kan self besluit watter projekte u graag wil ondersteun.

Baie dankie vir u ondersteuning van ons projekte.

Januarie	-	Terug skool toe – ou skoolskoene aan minderbevoorregte kinders
Februarie	-	Toiletware vir ons bejaardes
Maart	-	SANBS-bloedskenkmaand
April	-	“Save-a-pet”, Dierebeskeringsvereniging, “Barking Mad”
Mei	-	Wol vir brei-projekte
Junie	-	Komberse, serpe, truie vir behoeftige gesinne
Augustus	-	“Cat Care”
September	-	SAMREC – Pikkewyne
Oktober	-	Toebroodjies vir behoeftige leerders* Tin Day
November	-	“Poppy Day”

*Deurlopende projek - leerlinge kan elke dag 'n ekstra toebroodjies/middagete skool toe bring. Dit moet voor eerste pouse na mev. E. Els (gr. 4) se klas geneem word. Dit word dan daagliks na behoeftige leerlinge versprei.

12. Bestuursliggam-verkiesing

Die volgende Beheerliggaamsverkiesing moet, volgens die Nasionale Beleid, plaasvind tussen 6 en 31 Maart 2015. Sodra ons die finale datum gefinaliseer het, sal ons dit aan u bekend maak.

13. Baie geluk aan ons hoofprefekte vir 2015

Hoofseun: Kirsten Bester
Hoofdogter: Anél Siebert
Onderhoofseun: Yazeed Brown
Onderhoofdogter: Alycia Roux

14. Algemene inligting

*Besoek gerus ons skool se webtuiste: www@lorraineschool.co.za & facebook: Laerskool Lorraine Primary

*Inskrywings vir 2016 vind plaas vanaf 2 Maart tot 29 Mei 2015.

*Die "Mighty Parent Conference" vind plaas op 20 en 21 Maart 2015. Kontak Annelie Oosthuizen by 0842055734/epos [annelie @soetlief .co.za](mailto:annelie@soetlief.co.za)

Vriendelike Lorraine-groete

.....
J.J. Harmse
SKOOLHOOF

09-02-2015

AFSKEURSTROKIE : KWARTAALBRIEF 1/2015

Ek, ouer/voog van (naam van kind) in

Graad (bv.. 3 Bennett) erken ontvangs en neem kennis van die kwartaalbrief.

Handtekening: Datum:

.....

AFSKEURSTROKIE : KWARTAALBRIEF 1/2015

Ek, ouer/voog van (naam van kind) in

Graad (bv.. 3 Bennett) erken ontvangs en neem kennis van die kwartaalbrief.

Handtekening: Datum: